**Donderdag 13 Augustus**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Numeri 25 en 26**

## Pasop vir swakplekke: die slagyster van Bileam

Ons almal het sterkpunte, maar ook swakplekke. Natuurlik sal die duiwel, wat gedurig strikke vir ons stel (2 Tim. 2:26), ons swakhede uitbuit. Hy weet hoe, waar en wanneer om toe te slaan.

Hier in Numeri 25 gebruik die duiwel vir Bileam om 'n groot slagyster vir die volk van God te stel. Volgens 2 Petrus 2:15 het Bileam tog uiteindelik groot geld verdien. Hoe het hy dit verdien? In Openbaring 2:14 lees ons: “Hy het vir Balak geleer om die volk Israel van My afvallig te maak.”

Bileam het besef dat Israel as 'n hoogs gedissiplineerde en geordende volk (na 40 jaar se opvoeding in die woestyn) feitlik onaantasbaar is. Daar was skynbaar geen swakplekke nie. Tog moet daar êrens 'n swakplek wees – Israel was mos nie volmaak nie. Manne bly maar manne wat nie maklik nee sê vir iets wat op 'n skinkbord vir hulle aangebied word nie.

So laat Balak dan (volgens die raad van Bileam) 'n groot fees in Moab hou – en die manne van Israel word uitgenooi! Eers toe die manne daar aankom, sou hulle uitvind dat die feeste tot ere van Baäl-Peor (die afgod van Moab) gehou word. Dit was egter te laat. Die slagyster het klaar toegeklap. Die manne kon en wou nie vir die Moabitiese fees en meisies nee sê nie. So het hulle God vertoorn en die doodstraf oor hulleself gebring (Num. 25:5).

Wat 'n slinkse plan! Moab het self nie 'n swaard opgetel nie en tog het 24 000 man in Israel gesterf. Hulle swakplekke het hulle eie ondergang beteken!

*Sing: Skrifberyming 41:3, 4*
*Ds. AS (Andries) Heystek (Emeritus)*